

24 November

Skrifgedeelte: Handeling 15:22-33
Fokusgedeelte: NGB, Art 30

Die kerk se bestuurswyse is geestelik

Groot woorde word in die sakewêreld gebruik om suksesvolle bestuur te beskryf. Goeie bestuur is noodwendig demokraties, deursigtig, deelnemend, verteenwoordigend, polities korrek, ekologies sensitief en sosiaal en maatskaplik betrokke. Maar die kerk se bestuurstyl word net met een woord beskryf: GEESTELIK. Hierdie een woord sluit egter alle goeie eienskappe in wat 'n kerk ooit sal nodig kry.

Geestelik beteken: Die kerk wil hom in sy bestuur deur die Heilige Gees laat lei. Soos by die eerste sinode in Jerusalem wil die kerk graag onder elke besluit kan skryf (vers 28): "Die Heilige Gees en ons het besluit ..." Om dit te kan doen sal 'n kerk moet leer om te onderskei watter dinge vir die Gees belangrik is:

Vergaderings moet sterk op die gebed toegespits wees, want God gee sy Gees alleen aan hulle wat Hom "sonder ophou daarom bid en daarvoor dank" (HK So 45:116).

Met respek moet erken word dat die Heilige Gees ook in ander mense werk (vers 7-8, 26).

Lidmate en leiers se persoonlike en deurleefde ("heilige") verhouding met God moet voorop staan (vers 9-11).

Baie noukeurige ondersoek van die Bybel moet plaasvind, omdat dit deur die Heilige Gees geïnspireer is (vers 16).

Daar moet 'n bereidheid wees om nie wette te maak (laste op te lê) waar die Gees geen duidelike uitspraak gee nie (vers 28).

Besluite moet op 'n amptelike maar 'n persoonlike wyse aan gelowiges oorgedra word (vers 30-33).

Dit is duidelik dat die kerk se bestuur onder leiding van die Heilige Gees moet plaasvind. Die heil van die kerk hang daarvan af. Bid dus elke dag vir die leiers van jou gemeente. Hulle kan nie daarsonder nie!

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)